# KINDERKERK LES: God is ons Vader

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat God ons Hemelse Vader is wat ons nooit sal verlaat of sleg behandel nie.

**Ysbreker:**

- Gee vir elke groep 'n baadjie, das, hoed ens. Gee vir die kinders nou kans om die klere aan te trek en te maak asof hulle 'n "pappa" is. Vra vir hulle om te wys hoe pappas praat en hoe pappas loop.

**Vra: Ek wil gou by julle hoor wat noem julle julle pappa? Ek het my pappa net pa genoem.**

**Kry terugvoering.**

**Sê:** Ons pappas is nie perfek nie. Ja, hulle is mense en mense maak foute en doen soms dinge verkeerd, maar ek wil vir julle vertel dat ons 'n Hemelse Vader/Pa het wat wel sonder foute is en baie, baie lief is vir ons. Dis God.

**Bybelstorie tyd:**

Ek wil vir julle 'n storie lees van 'n pappa en sy seun in die Bybel. Lees Lukas 15:11-24 in kinderbybel. Vra vragies soos storie gelees word.

Soos julle gesien het, was daai pappa steeds baie lief vir sy seun al was die seun lelik met hom en het hy weggeloop.

Ons doen ook soms dinge verkeerd soos om te baklei (laat kinders nog sondes byvoeg), maar God bly steeds lief vir ons en as ons met ons hele hartjie gaan jammer se vir Hom, sal Hy ons vergewe. Onthou dat God ons Hemelse Pappa is en dat Hy ons so baie lief het dat Sy oog elke dag op ons is en dat Hy altyd by ons is.

Indien daar tyd is, kan elke kind 'n inkleurprentjie inkleur en maze doen van Verlore Seun.

Sluit af met gebed.